# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

30 Desember 2020

**Omsendskrywe 24/2020**

*Geagte leraar en saakgelastigde*

**Gewysigde vlak 3 inperkingsmaatreëls**

Soos wat die meeste van u bewus is, het president Ramaphosa Suid-Afrika weer op vlak 3 van inperking geplaas met gewysigde regulasies. Hierdie regulasies is gisteroggend in die staatskoerant gepubliseer en word vir u gerief hierby aangeheg.

Hoewel daar heelwat sake is waaroor ons met die regering verskil ten opsigte van hul benadering tot die COVID-19 pandemie, is dit so dat ons land tans onder ’n tweede vlaag infeksies deurloop. Ons het nog nooit die erns van die siekte onderskat nie en ons durf dit ook nie nou doen nie. Daar is heelwat mense wat al familie of vriende aan die siekte moes afstaan. As gelowiges is ons teenoor God vir ons optrede verantwoordelik en ons moet versigtig wees dat ons frustrasie met die regering se onbeholpenheid, ons nie ten opsigte van ons liefde tot God en liefde tot ons naaste, laat struikel nie.

In die lig hiervan, wil ons gemeentes daarop wys dat eredienste vir die volgende twee weke deur die regulasies verbied word. Elke kerkraad moet dus met verantwoordelikheid teenoor en in gehoorsaamheid aan die Here besluit hoe om daarop te reageer. Kerkrade wat besluit om nie eredienste te hou nie, moet dit nie op grond van die regering se regulasies doen nie, maar in gehoorsaamheid aan ons Skepper wat vereis dat ons ons naaste se lewe moet beskerm (vgl. Ex. 20:13). Kerkrade wat besluit om die regering se regulasies te ignoreer, moet weet dat hul moontlike vervolging in die gesig staar. Ook hierdie besluit moet nie in reaksie op die regering geneem word nie, maar vanuit gehoorsaamheid aan God.

Ons weet dat heelwat gemeentes al gerat is om internetdienste te doen. Indien u op YouTube die trefwoorde “AP Kerk” of “APK” intik, behoort u op heelwat gemeentes se YouTube-kanale met preke af te kom. Indien u graag eerskomende Sondag by ’n regstreekse erediens wil inskakel, is u welkom om op Pretoria-Oos se kanaal in te skakel. Die skakel daarheen is soos



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

volg: https://www.youtube.com/channel/UC7h2ym48EyQDyZ8ZvP4rAPA Deel dit gerus met lidmate. Ons sal ook probeer om ’n klankopname van ’n erediens per WhatsApp uit te stuur vir gemeentes en lidmate wat nie internettoegang het of oor die nodige hulpbronne beskik nie.

Die SKK het ook ’n amptelike verklaring oor die aangepaste regulasies uitgereik en aan die minister Dlamini Zuma gestuur. Vir u gerief is dit ook by hierdie e-pos ingesluit. Let wel dat ons ’n Engelse weergawe aangestuur het.

Laat ons in alle opsigte verantwoordelik optree en getuig dat ons hoop in die evangelie van Jesus Christus is (vgl. Kol. 1:5 en 23). Weerhou u van die verspreiding van fopnuus en ongeoorloofde aantygings en dra sorg vir die kudde wat aan u toevertrou is. Bid vir ons gesondheidswerkers en regering en dra sorg vir diegene wat deur die siekte geraak word.

Mag die Here ons hierin lei en genadig wees.

*Vriendelike groete*



**Ds. HSW Strauss**
**Voorsitter: SKK**